

## November 2008

Dagsê al die belangstellendes in die geskiedenis van ou Pretoria,

Ek het nog so 'n klein bietjie inligting gekry oor Lohner en die horlosie [sien brief van Oktober 2008].

### R.A. Kerr

Francois noem dat ene "AK" die datums gegraveer het vanaf 1903 tot 1935 elke maal as die horlosie gediens is. In Longlands [Lon-01 p413] word onder "Watchmakers and Jewellers" die naam van R.A. Kerr genoem. Sy besigheid was in 224 Kerkstraat. R.A. Kerr se woonhuis word aangegee as Erf 20, Roseville, Les Marais. Lola Dunston [Dun-01 p131] meld dat die juweliers Kerr & Biller in 1903 'n besigheid in Kerkstraat-Oos gehad het. Kerr was heel moontlik die horlosiemaker wat die horlosie gediens het.

### Slag van Rooihuiskraal

Na die Eerste Anglo-Boereoorlog het die Britse regering kompensasie toegestaan aan persone wat tydens die oorlog gewond is. So is daar aan D'Arcy, wat in die been gewond is, £360 of 'n maandelikse pensioen van £70 toegestaan. Hy het die maandelikse pensioen gekies. G. Lohner wat by "Red House" 'n skoot in die arm gekry het is skadevergoeding van £63 toegestaan [V 1881-09-01].

Davey gee 'n lys van die ongevalle in die verskillende veldslae van die oorlog. Daarvolgens was Private G. Lohner van die Pretoria Rifles gewond in die slag van "Roodehuis" [Arg-01 p310]. Dit is seker wat ons vandag ken as die woongebied Rooihuiskraal. Terloops, D'Arcy is gewond in die slag van Sesmylspruit.

Duxbury gee die volgende interessante beskrywing van wat die dag daar gebeur het [Dux-01 p47]. Daaruit kan ons ook aflei waar die naam Rooihuiskraal vandaan gekom het.

"A patrol carrying out a reconnaissance to the south met a group of Boers from 'Red House' laager, some 17 km south-west of the town near the Heidelberg road. Two volunteers were wounded and one Boer was killed. Lieutenant-Colonel Gildea thereupon decided to move on the laager the next day with a force of close on 400, made up of two 7-pr guns, 130 mounted troops, and 200 infantry. It was a most cautious advance and the force was depleted en route when Gildea detached troops to hold what he no doubt considered to be tactical bounds along the line of his retreat. The few Boers encountered withdrew in the direction of 'Red House' and Gildea decided that he could go no further without endangering his force. The mounted volunteers forming part of his force were eager to get to grips with the Boers and when they saw a kraal with a number of cattle, apparently abandoned, the opportunity was too good to miss, and with Gildea's somewhat reluctant permission, gave chase, but with the knowlege that if they ran into trouble they could not look to him for support. The volunteers ran right into a cleverly laid trap and were met with a heavy volley from the well-concealed Boers. Four British soldiers were wounded. Three Boers were reported as killed but research has failed to bear out this claim by the British."

Hopenlik kry ek later nog inligting oor Lohner en sy horlosie in die volgende paar jaar se koerante.

-----

### Ras se kanonne

Hierdie is werklik 'n merkwaardige stukkie geskiedenis. Dit kan definitief, soos Duxbury [Dux-01] dan ook doen, vergelyk word met die Bybelse Dawid en Goliat. Marthinus Ras het sonder enige opleiding en met slegs sy plaas smitswinkel-gereedskap tot sy beskikking 'n aantal kanonne gebou wat in die oorlog van 1880/81 gebruik was.

Majoor Hall skryf die volgende oor die kanonne [Hall-50 p57]. "Marthinus Ras was a blacksmith who lived near Rustenburg. Realising the Boers' shortage of artillery, he decided to construct some muzzle loaders himself. He did this, making use of material which was freely available to him in his work – namely, the iron coils which were an integral part of wagon wheels. The guns were then mounted on gun carriages which were simply the wheels and axels of wagons."

"In all he made three guns. The breech of the first was blown out, but the other two still survive. One of these two was used against the British Garrison of Rustenburg. The third was only completed after Majuba and was never used."

"The guns fired projectiles weighing about 6½ lbs [3 kg] and had an effective range of about 600 m. Ras was murdered by blacks near Derdepoort in 1900. The two surviving guns are now in Pretoria – one in the SA National Cultural History and Open Air Museum, and the other at Paul Kruger's house."

Dit is altyd goed as mens die verslag van 'n ooggetuie van 'n sekere gebeurtenis kan opspoor. So 'n persoon was Lood Pretorius [seun van H.P.N. Pretorius] ook genoem "Skote Petoors". Hy was bekend as die man wat met 'n kanon net so akkuraat kon skiet as 'n infanteris met 'n Mauser. In sy herinneringe [Afr-22 p35] gee hy die volgende beskrywing van Ras en sy kanonne. "Ongeveer daardie tyd het ou Marthinus Ras, wat agter Magaliesberg naby Wolhuterskop gewoon het, 'n kanon gemaak. Hy het ten minste twee kanonne gemaak. Die een wat ek nou van vertel was dieselfde kaliber as "Ou Griet" die ou skeepskanon, d.w.s. 3 duim. Hy moes die kanon maak na die grootte van die koeëlvorm van "Ou Griet". Die kanon is gemaak soos mens 'n vaatjie maak. Eers het hy die wa-bande hol uitgeklop in die vorm van die duie van 'n vat en toe het hy die bande daarvoor getrek, twee lae bande agter en een laag voor. Toe die kanon klaar was, is my pa soontoe om die kanon te probeer en my Pa het my saam geneem. Die plek waar die kanon probeer is, is aan die westekant van ou meneer Ras se opstal. Hulle het geskiet na 'n bos wat omtrent 500 treë ver was. Die agterste stuk van die kanon, (ek sal maar sê) die prop wat agter in gesit is, wou uitkom, toe het die ou Heer Ras 'n band agter omgetrek wat aan die kappe (die arms van die kanon) vas was. Die kanon is toe teen die belegging van Potchefstroom gebruik." [Volgens beide Duxbury en Hall was die kanon gebruik by die beleg van Rustenburg en nie van Potchefstroom nie.]

Lood praat telkens van ou meneer Ras, maar die persoon op die foto's lyk nie vir my so oud nie. Nou wonder ek net of dit nie miskien 'n pa en 'n seun was wat die kanonne gemaak het nie. Is daar nie miskien iemand met genealogiese inligting oor die Ras-familie nie???

Wat het tydens die beleg van Rustenburg gebeur? Duxbury beskryf dit as volg: "On 8 January 1881 the Boers introduced the garrison to one of the famous Ras guns which fired at the fort from a range of 2 000 yds (1 846). It was ineffective at this range and was then moved forward to ±1 200 yds (±1 100m). In all it fired 45 rounds. Approaching still closer, to 500 yds (554m), it fired a further fourteen rounds but then suddenly ceased to fire. The British claim to have silenced it with effective rifle-fire. Major Darrel Hall has suggested that it was an accident at the gun as it is known that the breech of one of the Ras guns blew out. However, a gun, probably the second made by Ras, was brought into action in March when on the 3<sup>rd</sup>, 9<sup>th</sup> and 12<sup>th</sup> it fired 6, 30 and 13 rounds respectively. The projectile fired by this Ras gun weighed about 3 kg."

Nou vir 'n interessante stukkie geskiedenis wat nog nooit voorheen gepubliseer is nie. In September word berig dat die twee kanonne wat deur Ras vervaardig is nou in Pretoria by C. Preller te sien is [V 1881-09-14]. 'n Paar maande later [V 1881-11-2], die Saterdagmiddag 4 uur, gaan lede van die Volksraad, verskeie staatsamptenare en lede van die publiek, waaronder verskeie dames, na die vroeëre militêre kamp vir 'n demonstrasie van die werking van Ras se kanonne. Die kanonne is reeds in posisie geplaas en gerig op 'n nabygeleë bergrand. Weldra verskyn die Kaptein van die Artillerie – die heer Pelser met sy artilleriste. Die negeponder word eerste afgevuur. Die eerste skoot was die beste en die koeël tref die grond op 'n kort afstand van die teiken. Die kanon is egter nou beskadig – een van die “houvasten van het staartstuk, (dat by de eerste proefneming uitgevlogen was, gelijk men sich zal herinneren), bleek gebroken te zijn. Dit breken van het houvast word toegeschreven aan het feit, dat het affuit zoo gesteld was dat er geen terugstuiten wesen kon”.


Hoe dit ook al sy, daar word toe 'n paar skote met die later en netter gemaakte vierponder gevuur. Hiermee word vier of vyf skote na 'n teiken op 1500 tot 2000 passen [treë?] geskiet, dog nie een van die skote was naby die teiken nie. Die rede hiervoor kan gesoek word in die feit dat dit die eerste keer was wat Pelser met die kanonne geskiet het. Net ná vyf keer die mense weer huiswaarts.

#### Bronne geraadpleeg

- Afr-22 Pretorius, J.L. [Maj] 2005. **Skote Petoors**. Africana Vereeniging. Jaarboek van die Pretoria Vereeniging.
- Arg-04 Davey, Arthur M. 1956. **The Siege of Pretoria, 1880 – 1881**. M.A. Thesis, University of South Africa. Argief Jaarboek, Jaartal 19, vol. 1. Cape Times Ltd.
- Bra-50 Pretorius, J.L. 1910. **Ons Suidafrikaanse Militaire Tradisie: Die Afrikaner als krijsman, en meer bepaald als Artillerist**. Die Brandwag, 14 Junie 1910.
- Bra-51 Pretorius, J.L. 1910. **Ons Suidafrikaanse Militaire Tradisie: Die Afrikaner als krijsman, en meer bepaald als Artillerist**. Die Brandwag, 28 Junie 1910.
- Dun-01 Lola Dunston. 1975. **Young Pretoria 1889-1913**. Lola Dunston, Pretoria.
- Dux-01 Duxbury, George R. 1881. **David & Goliath: The First war of Independence, 1880 – 1881**. S.A. National Museum of Military History, Johannesburg.
- Hal-50 Hall, D.D. [Maj] **The Artillery of the first Anglo-Boer War**. [Publikasie onbekend].
- Lon-01 Longland. 1899. **Longland's Pretoria Directory**.
- PRE-12 Preller, Gustav S. 1925. **Historiese Opstelle**. J.L. van Schaik, Pretoria.

V = De Volksstem

Groete tot volgende maand,  
Rosa Swanepoel



Wijle Marthinus J. Ras en een van die twee kanonne wat hij gemaak't. Volgens later ingewonne mededeling het hij die twee vuurmonde albei gemaak op sijn woonplaas, Wolhuterskop, nabij Pretoria. Let op die bande en arme agter, om die gevolge van die reeule [skok] te neutraliseer. [Bra-51 p69]



Die heer Marthinus J. Ras staat hier tussen die twee kanonne, wat hij eigenhandig v'r die republiek gemaak 't, hoofdsakelik uit wa-bande. Die stelle bestaan uit gewone wa-stelle. Die stukke werd in 1880-81 gemaak en gebruik te Potchefstroom. Een van die ou stukke is in die museum te Pretoria, die ander was naar die Parijse tentoonstelling van 1900, en is nou te Dortrecht Holland. Ras word deur Linchwe s'n kaffers vermoor in 1900 nabij Derdepoort. [Bra-50 p8]

Die foto van Ras met een kanon kan gesien word in: Bra-50 p8; Dux-01 p 55; Staatsargiewe Tab 1038 en Tab 997.

Die foto van Ras met sy twee kanonne kan gesien word in: Bra-51 p69; Pre-12 skudblad; Staatsargiewe Tab 998.

Daar bestaan ook 'n derde foto van die kanonne voor die winkel van Jan W. de Haas [Hal-50 p57]. Dit is egter baie onduidelik en kan nie afgedruk word nie.